

# Paasspel - Tema: Skaakmat

MG=Orrelis of musiekgroep

Alles is blou is veranderlik

<u>Wie</u>	<u>Wat</u>	<u>Detail</u>	<u>Tegnies</u>
	Vooraf musiek Welkom & reëlings	CD van eie keuse	CD Welkom
	Voorlesing1	(Intro 5 OF intro 13)  Lank, lank gelede, nog voordat die wêreld geskep is, het daar 'n opstand in die hemel uitgebreek. Een van die engele, Lucifer, het in opstand gekom tee God. 'N Derde van die engele het hom gevolg. God het vir Lucifer en sy engele uit die hemel uitgegooi.  Dit was die begin van 'n oorlog tussen twee konings: die koning van die donker en die Koning van die lig - 'n oorlog wat sou voortduur vir duisende jare tot op hierdie dag.  Elke mens wat ooit gebore sou word, sou deel wees van hierdie oorlog. En elke mens sou bewustelik of onbewustelik plek inneem saam met die koning van die donker, of die koning van die lig.	Deel 1 (blaaï self)
	Musiek  Voorlesing2	“All the world He made was good” (Don Francisco)  <i>Gen 1:31 “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed.”</i>  Hy spat oranje in die sonop en kleur die lug met blou. En as swaeltjies sê die somer kom, sien jy dit somer gou. Moes 'n meerkatstert juis so lyk? Moes die voëls so kwetter en fluit? Daar's komedie as 'n hoender trippel, moor donderweer laat jou ore tuit. Waarom het 'n blom 'n geur? Waarom kom jou kos se smaak van Horn? Kon dit wees dat Hy so graag die plesier op jou gesig sien blom?	Deel 1 refrein +1 v2 +1 refrien +1  Deel 1
	Flash	Die duiwel kon dit nie verdra dat die mens gelukkig is nie. Hy was gereed vir sy eerste groot skuif. Hy het stelling ingeneem in een van die bome van die tuin... <i>Intro 4</i>	Deel 1
	Woorde op skerm  Voorlesing3	<i>Gen 2:16-17 “En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, 17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.”</i>  “Het God regtig gesê julle mag nie van hierdie boom se vrugte eet nie? Dit kan nie wees nie! Miskien het Hy iets anders bedoel, soos julle moet net nie te veel eet nie - kan nogal 'n mens se maag omkrap. Of dalk het Hy bedoel julle moet net nie alles opeet nie - dalk kom daar nog mense. Of miskien is Hy bang julle gaan soos Hy wees as julle hiervan eet....Ja, ek dink Hy is bang...”  Eva het 'n vrug gepluk en geëet. Dit was baie lekker!  Adam, Adam, kom proe bietjie hierdie lekker vrug! Adam het geproe en geproe en geproe...en was dit lekker!	Deel 2



	Voorlesing8	<p>Intro6</p> <p>'N Naamlose soldaat het takke geneem - volgroeid genoeg om dorings te dra, maar nog buigbaar - en 'n simbool van bespotting daarvan gevleg. 'n Doringkroon. 'n Kroon van ... gevolge. Gevolge? Ja, beslis. Kyk maar orals in die Skrif, en jy kom agter dorings simboliseer nie sonde nie, maar die gevolge van sonde. Onthou jy nog die paradys? Toe Adam en Eva sondig, het God die aarde vervloek: '... die aarde [is] deur jou toedoen vervloek ... die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit ...' (Genesis 3:17-18). Die dissels is die produk van 'n sondige hart.</p> <p>Rebellie teen God het dorings tot gevolg: 'Daar is dorings en strikke op die pad van oneerlikheid' (Spreuke 22:5). Jesus het die lewe van bose mense selfs met 'n doringstruik vergelyk. Toe Hy van valse profete praat, het Hy gesê: 'Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruik of vye aan dissels?' (Matteus 7:16).</p> <p>Dorings is die gevolg van sonde, sê die Skrif - skerp, stekelrige, skeurende dorings. Die doringkroon op Jesus se kop versinnebeeld dus die pyn wat ons sonde Hom aandoen.</p>	Deel3
MG	Sang	<b>“At the cross”</b>	Deel3
	Voorlesing9	<p>Intro10</p> <p>Kom saam met my na Golgota, en dan vertel ek jou waarom.</p> <p>Kyk terwyl die soldate die Timmerman op die grond vasdruk en sy arms teen die dwarsstuk van die kruis uitstrek. Een druk met sy knie teen 'n voorarm, een druk 'n spyker teen 'n hand vas. Toe die soldaat die hamer oplig om op die spyker te slaan, draai Jesus sy gesig daarheen.</p> <p>Kon Jesus dit gekeer het? Hy kon weerstand gebied het deur sy bo-arm te buig of sy vuus te bal. Dis mos dieselfde hand wat die storm laat bedaar het? Die Tempel gereinig het? Dodes opgewek het?</p> <p>Die vuus bal egter nie ... en die oomblik bly onveranderd.</p> <p>Die hamer klink en die vel skeur en die bloed begin drup en dan vloei. Die vraag is: 'Waarom? Waarom het Jesus nie weerstand gebied nie?'</p> <p>'Omdat Hy ons liefhet,' kom die antwoord. Dit is waar, wonderlik waar maar - jammer - net deels waar. Daar steek meer in die rede. Hy het iets gesien wat gesorg het dat Hy daar bly. Toe die soldaat sy arm vasdruk, het Jesus sy kop na die ander kant toe gedraai, en met sy wang teen die hout het hy die volgende gesien:</p> <p>'n Hamer? Ja.</p> <p>'n Spyker? ja.</p> <p>Die soldaat se hand?</p> <p>Hy't egter ook iets anders gesien. Hy het God se hand gesien. Dit het soos 'n man se hand gelyk. Die lang vingers van 'n houtwerker 'n Timmerman se palm met eelte. Sy hand het doodgewoon gelyk, maar dit was alles behalwe doodgewoon. Hierdie vingers het Adam uit klei geskep en die waarheid in kliptafels gegrif. Met 'n wuif het die hand die toring van Babel laat val, en die Rooi See geklief. Uit die hand het die sprinkane gekom wat Egipte geteister het, en die raaf wat Elia gevoed het.</p> <p>God se hand is 'n magtige hand, 'n Liefderyke hand, 'n Hand wat binne oomblikke deur 'n spyker deurdring sou word.</p> <p>O, die hande van Jesus. Hande van inkarnasie by sy geboorte. Hande van bevryding toe Hy genees het. Hande van inspirasie toe Hy onderrig het. Hande van toewyding toe Hy gedien het. Hande van verlossing toe Hy gesterf het. En hande van liefde toe Hy vergewe het.</p>	Deel4
	Musiek	“For God so loved” (Don Francisco)	<p>Deel4</p> <p>The lord of light +1 We all like sheep+1 (musiek) +1 For God so loved +1 So that anyone +1 never die +1</p>

	Voorlesing10	<p>Die skare om die kruis was onder die indruk dat die doel van die gekap - die doel van die spykers - was om Christus se hande aan die balk vas te kap. Hulle was net gedeeltelik reg. Ons kan hulle nie kwalik neem omdat hulle die res misgekyk het nie. Hulle kon dit nie raaksien nie. Jesus kon egter wel. Die hemel ook. En ons kan - as ons weet waar om te kyk, en hoe om te kyk.</p> <p>Deur die Skrif se oë sien ons wat ander misgekyk het, maar wat Jesus raakgesien het. 'Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur hulle die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem' (Kolossense 2:14).</p> <p>Daar was 'n lys tussen Jesus se hand en die hout 'n Lang lys. 'n Lys van al ons foute: ons woede en leuens, ons hatige gedagtes en gierige oomblikke en vermorste ure. 'n Lys van ons sondes. Daar hang 'n alfabetiese katalogus van jou sondes aan die kruis. Jou slegte keuses verlede jaar. Jou swak houding verlede week. Daar, in die helder sonskyn., sodat die hemel dit duidelik kan sien, hang 'n lys van jou foute. En myne. Die foute is bedek. Die sondes is weggesteek. Jesus het jou sondes uitgewis. Dit is waarom Hy geweier het om sy vuis te bal. Hy het die lys gesien!</p> <p>(Intro 12)</p>	Deel5
	Musiek	<p>“The world is looking for a hero” (Songs of Fellowship v20)</p> <p>THE WORLD IS LOOKING FOR A HERO;  We know the greatest One of all: The mighty Ruler of the nations, King of kings and Lord of lords; Who took the nature of a servant, And gave His life to save us all.  We will raise a shout,  We will shout it out,  He is the Champion of the world.  (Repeat)  The Lord Almighty is our hero, He breaks the stranglehold of sin. Through Jesus' love we fear no evil; Powers of darkness flee from Him. His light will shine in every nation, A sword of justice He will bring.  <i>Nool &amp; Tricia Richards</i>  <i>Copyright CO 1994 Kingsway's Thankyou Music/MCPS</i></p>	
	Voorlesing11	<p>Daar is baie oor die gebed van die ootmoedige rower gesê, en hy verdien beslis ons bewondering. Maar hoewel ons juig oor die rower wat gered is, moet ons nie van die ander een vergeet nie. Wat van hom, Jesus? Sou 'n persoonlike uitnodiging nie van pas gewees het nie? Sou 'n woord van aanmoediging nie tydig gewees het nie? Ons verstaan nie! Laat die skaapwagter dan nie die 99 skape alleen om die verlore een te gaan soek nie? Vee die huisvrou dan nie die huis totdat sy die verlore muntstuk kry nie? Ja, dis wat die skaapwagter en die huisvrou doen, maar onthou dat die verlore seun se pa niks doen nie. Die skaap het toevallig afgedwaal. Die munt het per ongeluk verlore gegaan. Maar die verlore seun is doelbewus daar weg. Sy pa het hom 'n keuse gegee. Jesus het albei rowers ook 'n keuse gegee. Hy het hulle laat kies. Net soos Hy ons laat kies. Soms stuur God donderweer om ons aan die gang te kry. Soms stuur God 'n seëning om ons te lok. En soms stuur God net stilte, wanneer Hy ons die vryheid gee om te kies waar ons die ewigheid gaan deurbring.</p>	Deel6
	Musiek	My Jesus I love You (Don Francisco)	

	Voorlesing12	<p>Die berugste straat op aarde is die Via Dolorosa, 'die straat van smarte'. Volgens tradisie is dit Jesus se roete van Pilatus se paleis na Golgota. Die roete is afgemerk in 'stasies', en Christene gebruik die dikwels tydens hul aanbidding. Een stasie verteenwoordig Pilatus se oordeel, 'n ander die plek waar Simon Jesus gehelp het om die kruis te dra. Twee stasies gedenk Jesus se struikeling, en 'n ander Christus se woorde. Daar is 14 stasies, en elkeen is 'n herinnering aan Christus se laaste reis.</p> <p>Is die roete akkuraat? Waarskynlik nie. Toe Jerusalem in 70 nC en weer in 135 nC vernietig is, is die stad se strate ook vernietig. Niemand weet dus presies watter roete Jesus op daardie Vrydag gevolg het nie.</p> <p>Ons weet egter waar die pad in werklikheid begin het.</p> <p>Die pad het nie in Pilatus se paleis begin nie, maar in die hemel. Die Vader het die reis aangepak toe Hy sy woning verlaat het om ons te kom soek. Net gewapen met 'n passie om jou hart te kom wen, het Hy kom soek. Hy het een begeerte gehad - om kinders huis toe te bring.</p>	
	Musiek	<p>“Sekelmaan” (Retief Burger) (4:52 - sny op 2:55)</p> <p>Vanaand se sekelmaan is net vir jou Mag Hy dans tot in jou hart en Sy arms om jou vou want as Hy kon praat sou Hy eenvoudig sê hoe diep my liefde hier binne vir jou lê</p> <p>Mensekind ek weet jou hart is broos want die twyfel trek jou skeef en jy's leeg en moedeloos maar as jy my oë vir 'n oomblik sou kon leen sou jy my bruid sien, I wit geklee</p> <p>En weet jy wie dit is? Kan jou aardse siel begryp na wie Ek verlang?</p> <p>Dit is jy, my bruid in ewigheid Een kyk van jou oë en die hout se pyn verdwyn Dit is jy, geliefde van my sy Ek is hier by jou, in jou, om jou net lief te hê...</p> <p>En al sou jy ook die deur in my gesig toeslaan en die leuens bly glo dat ek nie bestaan sal ek nog steeds my liefde vir jou kom wys, 'n gebreekte lyf wat hang aan 'n kruis.</p>	<p>Deel7</p> <p>+1</p> <p>+1</p> <p>+1</p> <p>+1</p> <p>+1</p>
	Video1	2Konings1(1:18)	Video1
MG	Sang	<b>“Is dit is dit my koning”</b>	Deel7
	Video2 Video3	2Konings2 (5:22) 2Konings3 (1:58)	Video2
	Voorlesing13	Ja, die kruis was die groot geveg tussen die 2 konings. Jesus het enduit geveg, met die wete dat jou lewe op die spel is...	Deel7
	Musiek	“The Champion” (Carman)	Deel8
	Voorlesing14	Gebed	Deel9
Diakens	Dankoffers		Deel9
MG	Lofprysing	<p>“Alive. Alive” (618)</p> <p>“Halleluja Jesus is alive” (796)</p> <p>“Ek weet verseker” (717)</p> <p><b>“HALLELUJA JESUS LEWE HY HET OPGESTAAN”</b></p> <p>“Hy is Heer” (795)</p> <p>“AND CAN IT BE” (639)</p> <p>“Oorwiingslied” (947)</p>	Deel9
	Seen		Deel9